PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# KASKAR KAPERJOL!



Tlotolo Mmeti (links) en Gerhard Kleynhans stoot vir Emmanuel Evannmore in die kaskar.



Cemblocks en Bolt & Engineering meet hul kragte.

**Rustenburg** – Op Vrydag 6 September het die Rustenburg Skool vir Buitengewone Onderwys loslitdag op 'n buitengewone manier gevier.

Na die sukses van die kaskardag met 'n *twist* verlede jaar, het hulle besluit om die kompetisie weer te hou.


Besighede soos Cemblocks, ACDC Express, Bolt & Engineering Distributors Rustenburg en Wadeville, Raath & Van Der Westhuizen Accountants het spanne ingeskryf vir die sportdag. Elke span het 10 leerders gekry om saam met hul deel te neem.

Die spanne moes teen mekaar kompeteer in verskeie kategorieë soos driebeenresies, aartappelresies en natuurlik die bekende kaskarresies. Die leerders en deelnemers het hul gate uit geniet! Baie dankie vir elke skenking en bydrae van elke besigheid en lid van die gemeenskap. Rustenburg is werklik merkwaardig.

Maatskappye wat betrokke was is onder andere; Deonak, Minibuild, Canopyland, FB Mining, Provest, Platchro Mining, Palm Lodge, Dulux, RSM Bande en Sebetsa Trading.

'n Spesiale woord van dank aan Naas Olivier wat Newrak Impala rugby klub se geriewe en velde beskikbaar gestel het asook aan Gerhard Kleynhans, 'n student aan die Noordwes Universiteit, wat leerders behulpsaam was.

# MEET THE PLAYER CHANEY WILLEMSE




**Rustenburg** – The 26-year old Chaney Willemse is an electrical engineering learner at Newrak Mining during the day and a flanker for the Newrak Impala rugby team after hours.

In an interview with *Platinum Weekly* Chaney said: "I was born into a family that loves rugby and my uncle was the biggest reason I started playing. It is a great game and grants you the opportunity to make new friends."

For Chaney, family is the most important thing in life. His family lives in Cape Town and he tries to see them every chance that he gets. "I really miss my mom's food."

"I see my busy schedule as a blessing and it keeps me going. I love to go to church on Sundays to thank God for everything He has blessed me with and helping me," said Chaney. To add to his priority list, Chaney is father to a little boy that he adores.

# FINAAL 2019

## CURRIEBEKER

Die eindstryd in Bloemfontein het sprankel-*ruggas* opgelewer ou grote, maar kan ook maklik onthou word as die *game* met twee helftes.

Vir die hele seisoen kom die Cheetahs eers in die tweede helfte aan die gang en wis agterstande uit om te wen... Maar Saterdag in Bloem verras die Blikore die Leeus en die toeskouers en teken hulle 31 punte aan en die Leeus slegs 7 punte in die eerste helfte.

In die tweede helfte teken die Johannesburgers 21 aan om die eindtelling op 31-28 te staan te bring wat die Vrystaters dan die 2019 Curriebeker kampioenspan maak.

Die Cheetahs het as 'n span goed gekombineer maar 'n paar spelers het werklik die oog gevang en mens kan maar net wonder hoe dit moontlik is dat Ox Nche en Henco Venter nie die Bokspan gehaal het nie. Die Haaie het die twee ysters se waarde so hoog geskat dat hulle in 2020 vir die Haaie gaan uitdraf. Ruan Pienaar en Clayton Blommetjies het ook puik spel gelewer en het die Transvalers lelik laat bontstaan met hulle slim skoppies en aanvallende spel.

Die fonds van die seisoen is sekerlik die jong buitesenter van die Leeus Wandisile Simelane, wat volgende jaar al vir die Bokke kan uitdraf. Tyrone Green het ook 'n groot rol gespeel in die welslae van die Leeus uit die agterste vesting en is beslis tans die beste nommer-15 in Suid Afrika.

Vir *coach* Franco was die oorwinning 'n welverdiende afskeidsgeskenk met sy vertrek oorsee om as die nuwe nasionale afrigter van Italië in 2020 op te tree... En so kom die plaaslike *ruggas* dan vir eers tot 'n stilstand.

Die 2019 Wêreldbeker skop op Vrydag 20 September in Japan af met die gasheerland wat gaan oorlog maak teen Rusland in die openingswedstryd. Suid-Afrika open hulle rekening Saterdag 21 September teen Nieu-Seeland.

**Nag ou grote...**

**VRIENDSKAPLIKE WEDSTRYDE**

- Japan 7 - 41 Suid-Afrika
- Skotland 36 - 9 Georgia
- Engeland 36 - 0 Italië
- Nieu-Seeland 92 - 7 Tonga
- Australië 34 - 15 Samoa
- Ierland 19 - 10 Wallis




Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Lebone Parkrun | 13 Sept '19 | RTB: Lebone II, College of the Royal Bafokeng | 014-566-1510 | lebonehelpers@parkrun.com |
| NG Proteapark Gholf Dag | 13 Sept '19 | RTB: Rustenburg Golf Club | 014-533-7848 | ronald@stacey.co.za |
| Love Never Fails | 13-15 Sept '19 | BLOEMFONTEIN: Free State Staduim | 083-324-9217 | ezee.za@gmail.com |
| Impala vs Klerksdorp Rugby Club | 14 Sept '19 | Klerksdop: Rugby Club | 082-926-8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| Rustenburg Swimming Club opening day | 14 Sept '19 | RTB: Rustenburg Swimming pool | 073-556-6429 | zmateta@rustenburg.gov.za |
| Soccer Against Crime | 14 Sept '19 | RTB: Olympia Park Stadium | 073-312-8342 | siyabongamakambi7@gmail.com |
| BirdLife Rustenburg monthly meeting | 16 Sept'19 | RTB: Methodist Church | 083-702-1462 | shaunmcgillewie@gmail.com |